

# St. Adelaide

## 16 Desember

(c. 931-999)

Sy was die dogter van die koning van Boergondië en was van jongs af niks meer as ‘n pion in die magspel tussen die verskillende vorstehuise nie. Uiteindelik trou sy met Otto wat in 962 tot keiser van die destydse Heilige Romeinse Ryk gekroon word. Sy was ’n diepgelowige vrou wat alles in haar vermoë gedoen het om die lewens van haar onderdane te verbeter. Ná die dood van haar man is die volgende 20 jaar van haar lewe gekenmerk deur politieke oproer en langdurende familietwiste. Sy was altyd die vredemaker en later gaan woon sy in die nonneklooster wat sy by Selz in Elsas gestig het om haar laaste jare in gebed en naastediens deur te bring.

© Die Oratorium Uitgewery